# Is die NG Kerk die kluts kwyt?

’n Brief waarin die NG Gemeente Die Strand die rede vir hulle dolering weergee, het die land behoorlik aan die gons. In die

brief maak Die Strand sewe stellings wat hulle as besluite van die Algemene Sinode voorhou, soos

- dat God ’n mensgemaakte konsep is;
- dat Satan en die sondeval nie deel van ons geloofsinhoud hoef uit te maak nie;
- dat Jesus se maagdelike geboorte en fisiese opstanding nie geglo hoef te word nie;
- dat Christus se soenverdienste maar net een van vele weë hemel toe is;
- dat die Bybel ’n menslike boek is waarvan ons nie alles hoef te glo nie;
- dat die huwelik as Goddelike instelling nie eksklusief tussen een man en een vrou is nie, en dat selfdegeslag-verhoudings dieselfde status moet geniet;
- dat elke mens self sy of haar geslag kan bepaal en verander.

Dis ’n verskriklik ontstellende lys van dwalings en ’n mens wil jou hande in die lug gooi dat dié goed in die kerk (en van die kerk) gesê kan word. Dit is waar dat daar NG teoloë is wat hierdie standpunte huldig, maar dis nie die amptelike standpunt van die kerk nie (met die uitsondering van die besluite oor selfdegeslag-verhoudings).

Dis die kort antwoord. Die langer antwoord is dat die betrokke teoloë wel in ringstugsake oor hierdie afwykende, vrysinnige beskouings aangekla is, maar dat hulle ongelukkig op tegniese punte vrygespreek is. Wat ongelukkig óók waar is, is dat die kerk nie deur amptelike kanale hierdie teoloë gerepudieer het nie, en daarom kan die kerkleiding nie heeltemal van die beskuldigings wegstap nie.

## Wat glo ek persoonlik?

Ek kan my nie met een van bg. dwalings vereenselwig nie. Dit

is godslasterlike uitsprake wat nie in die kerk van die Here Jesus hoort nie en die einde van die kerk sal beteken as dit nie daadwerklik en ferm as dwaling afgewys word nie. So wat glo ek?

- Ek glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. In Hom leef, beweeg en bestaan ek.
- Die Vader is die almagtige Skepper wat hemel en aarde in sy wysheid uit niks gemaak het en steeds in stand hou. Hy is ook die Een wat my, sondaar, gekies het om aan Hom te behoort.
- Ek glo dat Jesus die Seun van God is wat mens geword het en gebore is uit die maagd Maria, en dat Hy geen biologiese aardse pa gehad het nie. Hoe dit gebeur het, is ’n misterie en die werk van die Heilige Gees.
- Ek glo dat Jesus vir my sonde aan die kruis op Golgota gely en gesterf het.
- Ek glo dat die Here Jesus op die derde dag liggaamlik opgestaan het uit die dood.
- Ek glo dat Hy hemel toe gevaar het, vanwaar Hy aan die regterhand van die Vader die kerk steeds regeer en vir ons intree. Hy is egter deur sy Gees ook in ons midde om ons te lei.
- Ek glo dat Hy eendag weer sal kom om die nuwe hemel en nuwe aarde te kom vestig, en dat ek deur sy genade deel daaraan sal hê.
- Ek glo dat die Heilige Gees (met die Vader en die Seun) die derde Persoon van die Drie-eenheid is, en dat Hy die geloof in my gewerk het, in my woon en my en die kerk lei.
- Ek glo dat die Bybel God se Woord aan ons is, deur die Gees geïnspireer is en my rigsnoer vir die lewe is. Dit is nie ’n menslik uitgedinkte boek met woorde oor God nie, maar ’n goddelike boek waarin God se Woord vir ons opgeteken is.
- Ek glo dat ons as kinders van die Here mekaar nodig het en hande moet vat, sodat ons as die Here Jesus se

- volgelinge saam agter Hom kan aanstap.
- Ek glo die huwelik is die permanente verbintenis tussen een man en een vrou.

Toe ek die dag as predikant gelegitimeer is, het ek 'n eed afgelê dat ek my gewete sal laat bind deur ons kerk se belydenisskrifte, omdat dit in ooreenstemming is met die Heilige Skrif. Ek het hierdie binding op my gewete nog nooit as knellend ervaar nie; inteendeel, dit is die bril waardeur ek die Skrif beter kan lees en verstaan.

## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026